GOVERNMENT EMPLOYEES PENSION FUND
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

(ARTIKEL VIR PENSIOENARIS NUUSBRIEF)

RWPF PENSIOENVERHOGING MET 5.6 persent SOOS VANAF 1 APRIL 2010

Die Raad van Trustees het aangekondig dat RWPF pensioenarisse vanaf 1 April 2010 ‘n verhoging van 5.6 persent op hulle maandelikse pensioen sal ontvang. Bykomend sal pensioenarisse, wie se pensioen sedert hulle aftrede weens inflasie waarde verloor het, inhaalverhogings ontvang.

Met die neem van sy besluit oor die 2010 verhogings het die Raad verskeie faktore in ag geneem, insluitend die Rëels van die Fonds en die toename in lewenskoste. Die Raad het ook die beleggingsvertoning van die Fonds in ag geneem.

Wat sê die reëls van die Fonds omtrent verhogings?

Ingevolge die reëls van die Fonds moet die jaarlikse pensioenverhoging ten minste 75 persent van die gemiddelde verhoging van die Verbruikers Prys Indeks (VPI) van die vorige jaar wees. Die verhoging wat vanaf 1 April 2010 in werking tree, voldoen aan hierdie vereiste. Van 1 Desember 2008 tot 30 November 2009 was die gemiddelde verhoging in die VPI 7.4 persent. Die 2010 pensioenverhoging van 5.6 persent is 75 persent van die gemiddelde verhoging in die VPI vir die aangeduide periode.

‘n Ander RWPF reël wat in berekening gebring moet word wanneer daar op pensioenverhogings besluit word, is dié van minimum befondsingsvlak. Volgens

hierdie reël moet daar te alle tye genoeg geld in die Fonds wees om ten minste 90 persent van die RWPF se laste te dek.

Die mees onlangse aktuariële valuasie (soos op 31 Maart 2008) toon dat die RWPF se befondsingsvlak 100 persent was. Met die toekenning van ‘n gemiddelde pensoenverhoging van 5.6 persent vanaf April 2010 verseker die Raad dat die befondsingsvlak bokant die 90 persent vereiste bly.

Die Raad het ook die impak van die onlangse wêreldwye finansiële onrus en die impak daarvan op die Suid-Afrikaanse ekonomie in ag geneem. Soortgelyk aan alle ander pensioenfondse was die RWPF se inkomste uit beleggings negatief beïnvloed deur die finansiële krisis en het minder geld as die vorige jare afkomstig van beleggings. Met dit in gedagte, sowel as die verantwoordelike gebruik van die Fonds se bates, het die Raad besluit dat geen bykomende verhogings bo en behalwe die basiese 5.6 persent verhoging en die inhaalverhoging toegestaan kan word nie.

Hoe sal die verhoging op verskillende pensioenarisse toegepas word?

- Die verhoging sal volgens ‘n glyskaal toegepas word wat begin by 5.6 persent vir pensioenarisse wat op of voor 1 April 2009 afgetree het.
- Pensioenarisse wat na 1 April 2009 afgetree het sal 0.47 persent ontvang vir elke maand sedert die datum van aftrede tot 31 Maart 2010, wat ‘n proporsionele deel van die 5.6 persent is.
- Pensioenarisse wie se annuïteite onder die 100 persent van die bedrag wat by aftrede betaal is, val en wat aangepas is vir volle inflasie tot op datum, sal ‘n inhaalverhoging ontvang om te vergoed vir die effek van inflasie.

Ons verbintenis tot ons pensioenarisse

Ons wil graag pensioenarisse verseker dat die finansiële posisie van die Fonds gesond is en dat die Raad van Trustees verbind is om te alle tye in u beste belang op te tree. Lede moet ook onthou dat die RWPF ‘n gedefinieerde voordeel pensioenfonds is, wat beteken dat die voordele gewaarborg is en dat enige risiko nie by die pensioenaris berus nie maar by die werkgewer.